Process Safety Beacon 20 YEARS ANNIVERSARY
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon
An AIChE Technology Alliance CCPS Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps
This issue sponsored by
ioMosaic® Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# Kommunikasie – die hart van veilige bedryf

Oktober 2022



*Figuur 1: Vloeimeter gereed vir kalibrasie*

’n Onervare operateur was in beheer van ’n proses met gereelde oorpomp van vlambare oplosmiddels. Deel van die toerusting was afgesluit sodat ’n ambagsman ’n vloeimeter kon uithaal vir kalibrasie in die werkswinkel. Na kalibrasie is die meter weer geïnstalleer en die ambagsman is terug werkswinkel toe. Die operateur het aangeneem die meter is reg vir gebruik en het begin om oplosmiddel deur die meter te pomp. Een flens was nie behoorlik vasgemaak nie en oplosmiddel het oor hom gespuit. Hy het die veiligheids stort gebruik om alles af te was en het nie seergekry nie. Die verspilling is opgeruim sonder verdere insident.

Hoekom het dit gebeur? Baie van die veiligheids sisteme wat ons vandag gebruik was toe nog nie in plek nie. Lockout-Tagout (LOTO) was informeel gedoen en daar was slegs ‘n etiket. Geen werkspermit is gedoen nie en daar was geen formele kommunikasie oor die werk nie.

Na ondersoek blyk dit dat die operateur angstig was om die proses weer aan die gang te kry sonder om te bevestig of die werk voltooi is. Dit blyk dat die ambagsman gaan soek het vir ‘n ander pakstuk maar het nie met die operateur gepraat oor die status van die werk nie. Daar was ook nie ’n etiket aan die oplosmiddel afsluitklep nie, so hy het gedink die werk is klaar.

## Het jy geweet?

- Baie van die veiligheids sisteme wat ons vandag gebruik is as gevolg van ongelukke wat in die verlede gebeur het. Die bedoeling is om te verhoed dat die ongelukke weer gebeur.
- Kommunikasie is altyd belangrik, maar veral as meer as een werkgroep betrokke is. As meer werksgroepe betrokke is verhoog die noodsaak vir meer formele kommunikasie.
- Meeste maatskappye gebruik werkspermitte om kommunikasie te verseker voor, gedurende en na die werk gedoen is. Werkspermitte sluit gewoonlik ’n risiko analise in, veilig maak en inspeksie van die werksplek, en goedkeuring dat die werk kan begin deur persoon wat daarvoor opgelei en aangestel is.
- Werkspermitte is nie net ’n formaliteit nie. Dis ’n hulpmiddel om te verseker dat die omvang van die werk gedefinieer is, alle betrokke groepe weet wat gaan gebeur en dat addisionele voorsorg soos LOTO, warm werk en toegang na ingeslote ruimtes behoorlik gedoen word. Dis ook ’n manier om te verseker dat alle voorsorg nodig gedoen is en dat die werk veilig gedoen kan word.
- Soms verander die omvang van die werk terwyl die werk besig is. Dis belangrik vir alle groepe om veranderinge te kommunikeer en deurgaans te evalueer of dit nog steeds veilig is om te werk. Dit mag soms beteken dat ons eers die werk moet stop om te evalueer of dit nog veilig is en ’n nuwe werksplan ontwikkel is.

## Wat kan jy doen?

- Maak seker jy weet presies hoe die maatskappy se werkspermit stelsel werk .
- Neem aktief deel aan risiko analise van werk wat permitte vereis. Jy is dalk die enigste een wat ervaring van seker gevaarlike situasie.
- Maak seker jy weet wat jou rol moet wees as nie-roetine werk gedoen word – verstaan die werk en veral wat nodig is om normale bedryf te hervat.
- Volg die bedryfsprosedures om die normale proses weer aan die gang te sit. As iets nie reg lyk nie stop eerder en vra voordat jy verder gaan. ’n Klein oponthoud is veel beter as dat daar dalk ’n insident plaasvind.
- Maak seker die area waar gewerk is, is skoongemaak en gereedskap is verwyder sodat die proses veilig kan voortgaan. Maak seker gemors wat weggegooi moet word is behoorlik bymekaargemaak en gemerk..

**As jy onseker is of toerusting gereed is na instandhouding – VRA!!!**

©AIChE 2022. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.